

6 April

Johannes 21:15-19, (Teks: 21:15)

Die voorwaarde tot alle aktiwiteit

Selfs na die herkenning dat Jesus die Here is (Sien gister se dagstukkies), stel Hy hulle nog nie in aksie nie. Daar is nog 'n voorwaarde. 'n Voorwaarde wat Jesus baie liefdevol laat ontdek in sy groot ontferming. Hy wil hê dat elkeen van ons se diepste motiewe duidelik moet wees voordat ons Hom met oorgawe kan dien. Hy vra nie aan Petrus 'n belofte dat hy Hom nooit weer sal verloën of dat hy sy fout sal regmaak nie. Hy gee volle geleentheid tot liefdesoorgawe.

Petrus ontdek aan die sagte hand van Jesus hoe hy te veel op homself vertrou en die bron van alle aktiwiteit wou wees. Jesus gee aan hom die ruimte om deur berou, skuldbesef en belydenis van sy liefde van sy ou posisie van selfgerigtheid weg te beweeg. Die derde keer wat Jesus die vraag vra kom hy tot erkenning van sy eie onvermoë en gee hy hom onvoorwaardelik in liefde aan Jesus oor. Sonder dat Jesus uit die dood opgestaan het sou nie een van ons daartoe in staat gewees het om onself so aan Hom oor te gee nie.

Het die Here jou al gekonfronteer met die vraag: Het jy my waarlik lief? Vandag doen Hy dit weer. So help die Here ons om die diepste motiewe van ons lewe te ontdek en ons mislukkinge beter te verstaan. Hoe begin u elke dag, elke oggend? Begin jy met liefdesoorgawe aan God of begin jy vol spanning, bekommernis en frustrasie oor wat die dag gaan oplewer?

Sing: Psalm 18:1

Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)